

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Kate van Zyl.
Maandag:	Riek Basson, Hilda Grové, Deon Latsky, Sunél Quacquarini, Anna-Marie Stadler, Marie van Rensburg, Izak van Rooyen.
Dinsdag:	Samantha Landman, David Maas, Athene van der Merwe.
Woensdag:	Jim Janse van Rensburg, Tertius Olivier.
Donderdag:	Anton Esterhuysen, Lea Puttkammer, Johlene Rainier, Thomas Theron, Danélle van Rooyen.
Vrydag:	Johan Bredenkamp, Sonja Cilliers, Mia Coetzee, René Holz, Robert Williams.
Saterdag:	Johan Koch, Ann Mostert, Anita Rademeyer, Callie Richter, Elizabeth Swanepoel, Rita van Zyl, André Venter, Christoph Venter.



NKOSI - SUPERBAR
n Volledige, gebalanseerde maaltyd in 'n stafie' - Ideaal om aan 'n behoefte by die verkeerslig te gee
BESIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR @ R10 elk

Aanhouwen se Groen-Boetiek oop Maandae - Vrydae 8:00 - 13:00

Aanhouwen verkoop tweedehandse klere om fondse in te samel.
Kleredonasies dringend benodig! Jy kan dit direk na Aanhouwen in Dummerstraat 32 neem of laai gerus by die Kerkkantoor af.
Hul samel ook **wit olifante** in - as jy dalk kaste skoongemaak het gedurende die vakansie kan jy dit gerus aflaai.

BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS

Na baie maande waartydens Berg-en-Seeklub a.g.v die pandemie tot stilstand gekom het, vergader ons weer op **Donderdag 3 Februarie 2022 om 10vm.** in die **NG Moederkerk, Andries Pretoriusstraat.**

Daar tree 'n uitstekende spreker en musiekkunstenaar by die geleentheid op. Alle senior burgers, ook nuwe intrekke, is **baie hartlik welkom** om hierdie geleentheid by te woon!

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee.

Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer



FAMILIENUUS

SONDAG 30 JANUARIE 2022

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS


09:00:	HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING:	JEREMIA 1:4 - 10
TEMA:	ÉK IS GEROEP OM IN 2022 'N VERSKIL TE MAAK

DEUROFFERS:

Helderberg Hospice

Die Helderberg Hospice is in 1986 gestig en was een van die eerste hospices in Suid-Afrika. Vandag bied dit omvattende palliatiewe sorg vir persone wat leef met terminale siektes soos kanker, die finale stadium van orgaanversaking, Motorneuronsiekte en MIV/Vigs.

Volgende week: Disakloof (Borg van kampe)



Baie welkom aan al die kinders!

Graad R-3 is eers in die kerkgebou en gaan dan na hul klassie
Graad 4-7 na die erediens in die Jeuglokaal.
Graad 8-10 na die erediens in die Familiekamer.

Belydenisklas begin op Sondag 6 Februarie, 17:00 - 18:00.

Wikkelwurms (3-5 jariges) - Laat weet gerus die kantoor as jy jou kind hierheen wil stuur - as daar 'n behoefte is daaraan, begin ons weer met hierdie klas **tydens eredienste**.

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51

www.nghottentotsholland.co.za <http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH/>

CAREL VAN DER MERWE - BEURSFONDS

Carel van der Merwe was die seun van ds. Gerjo van der Merwe, die eerste dominee van ons gemeente. Kort na die dood van ds. van der Merwe in 1979 het Carel in 'n ongeluk gesterf. Sy ma het as herinnering aan hom 'n bedrag geld aan die gemeente geskenk. Die Kerkraad van destyds het besluit om die geld te belê en die rente daarvan te gebruik as 'n studie-beurs vir gemeente-kindere. Sedertdien het 'n aantal lidmate die fonds versterk, en daar word ook twee maal per jaar 'n deuroffer opgeneem vir hierdie doel.

Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2022 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor ingehandig word.

Sluitingsdatum vir aansoek: 28 Februarie 2022.



WIL JY DEEL RAAK VAN 'N OMGEEGROEP?

Wil jy nuwe mense leer ken? Of mense wat jy reeds ken, beter leer ken?

Hier is 'n ideale geleentheid!!

In ons gemeente bestaan wel 'n paar omgeegroepes, en die lede daarvan kan nie uitgepraat raak as hulle vertel wat dit vir hulle beteken om 'n paar mense op hierdie manier goed te leer ken, en regtig familie van mekaar te raak, en

óók om op hierdie manier saam met mekaar die Bybel beter te leer ken nie. Ons wil baie graag vanjaar een of meer nuwe groepe begin. As jy by so 'n groep wil inskakel, laat weet ons sommer dadelik, en ons sit die wiel saam met jou aan die rol. 20/30ers (getroud én ongetrou) - kontak vir Ewald (082 451 2584). Sien ook afkondiging hieronder.

Enigiemand anders - kontak vir Hennie (082 859 5646). Sodra ons weet wie wil almal inskakel, sal ons saam 'n tyd en plek reël.

20/30er-GROEP begin Woensdag

Ons begin op **2 Februarie** met 'n groep vir getroudes en enkellopendes. Dit vind op Woensdae om 19:00 in die Familiekamer plaas. As jy dalk nog nie jou naam vir Ewald gestuur het nie, kan jy dit nog gerus doen: (tel. 082 451 2584) of maak gerus kontak met die kerkkantoor.

KOM STAP SAAM NA "CRYSTAL POOLS" anderkant Gordonsbaai, op Saterdag 12 Februarie. (Die roete is ongeveer 5km lank - heen en terug - en as dit lekker warm is kan ons gaan swem ook. Stuur asb. vir Hennie 'n whatsapp indien jy belangstel, tel. 082 859 5646

Bybelgesprek – Woensdae 08:45 – 09:45.

Ontmoet die genadige God in die Ou Testament

Is dit regtig so dat God in die Ou Testament daarop uit is om te straf en te vergeld, en dat Jesus dan in die Nuwe Testament kom om lief te hê en te vergeef?

Raak gerus vanaf **9 Februarie** deel van **Bybelgesprek** op Woensdae - in die Familiekamer - om **die God van die Ou Testament** opnuut te leer ken.

Vir enige navrae: Kontak gerus vir ds Hennie (082 859 5646)

Bybelstudie by Huis Vonke elke Woensdag om 10:00.

Ons begin weer op **Woensdag 2 Februarie 2022**

TEGNIËSE HULP BENODIG VIR UITSENDINGS BY TEHUISE

Ons gemeente bedien drie aftree- en versorgingsoorde in ons omgewing op Sondag, deur ons erediens regstreeks daar uit te saai. Kontak gerus die kerkkantoor (admin@nghottentotsholland.co.za) as jy deel wil raak van hierdie bediening. Tans kry elkeen in die span een of twee maal per maand 'n diensbeurt.

Ons wil graag die frekwensie van die diensbeurte minder maak - en hoe groter die groep vrywilligers is, hoe minder diensbeurte hoef elkeen te doen. Die uitsendingsopstelling is nou vereenvoudig en behels 'n paar drade wat gekoppel moet word en dan projektors en klanksisteem wat aangeskakel moet word. Ons sal jou ook nie in die diepkant ingooi nie, maar jou help totdat jy gemaklik is om alleen te gaan.

Besoek 'n Bejaarde en vrolik iemand se dag / lewe op

Om 'n bejaarde te besoek, beteken regtig vir jouself dikwels meer as vir die persoon wat besoek word. Oorweeg dit gerus om in die komende jaar 'n uur of twee per maand te gebruik om 'n bejaarde in hulle huis of in 'n versorgings- of aftreeoord te besoek.

As dit vir jou 'n vreemde ervaring is, en jy nie weet hoe om die eerste keer te maak nie, sal iemand die eerste keer saam met jou gaan en jou gaan bekendstel aan die betrokke persoon. Jy kan besluit of jy een of twee of meer mense wil besoek.

Dink gerus oor hierdie geleentheid om iemand se wêreld te verander.

Kontak vir Hennie - 082 859 5646

